Ontmoeting 3

Die kerk word vervolg

Kinders hoor die storie van die eerste evangeliste en leer daaruit dat dít wat mense sleg bedoel het, verander het na iets beters, omdat God se planne nie gekeer kon word nie.

Teks: Johannes 16:32–33; 2 Kor 4:8–9
Hulpmiddels:

- Ballon
- Pypskoonmakers (verkieslik rooi)
- Water
- Ekstra groot afdruk van die wêreldkaart op koerantpapier (jy kan self rofweg die buitelyne teken op 'n groot stuk papier) en 2 pleisters
- Johannes 16:32,33; 2 Kor 4:8,9 (Druk die woorde uit en lamineer dit.)
- Saadjies
- Papier glasies
- "Kersie" aktiwiteit vir elke kind: wasgoedpennetjie, wit en groen karton, rooi papier
- Afdrukke van die papierstrook met "Ek sal die goeie nuus vertel!" daarop
- Kramdrukker

Welkom

Kat en muis: Die groep staan in 'n sirkel en hou hande vas. Een van die kinders is die muis binne die sirkel. 'n Ander kind is die kat aan die buitekant van die sirkel. Die kat moet die muis vang. Die kinders in die sirkel moet probeer om die kat buite te hou. Indien die kat in die sirkel kom, moet die groep die muis uitlaat deur hul arms hoog op te tel en spasie te maak. Sodra die kat die muis gevang het, word die muis die kat en jy wys 'n nuwe muis aan.

Derde mannetjie/"Elbow tag": Die groep staan 2–2 langs mekaar met hul arms by die elmboog ingehaak. Kies weer een persoon wat jaag en een wat gejaag word. Die kind wat gejaag word, kan by enige groepie van 2 inhaak. Die persoon wat aan die ander kant staan, moet nou vinnig hardloop en weer by 'n ander groepie inhaak voordat hy/sy gevang word.

Opsie vir kleiner kinders: Roep 'n getal uit en laat die groep in kleingroepies van daardie getal verdeel. Roep vinnig weer 'n volgende getal waarin hulle dadelik weer moet groepeer. Die wat oorbly na elke indeling is "uit". (Die doel van die speletjies is om die kinders angstigheid en druk te laat ervaar.)

Wyding
Stilword-ritueel:

Gebed: Die leier bid elke keer 'n sinnetjie en die groep herhaal dit saam.

Dankie, Heer, vir hierdie dag
Dankie dat die Bybel vir my sê dat U my liefhet
Dankie dat U mens geword het en vir ons die pad kom loop het
Help ons om U ook te volg …
… soos ons nou in die gebed ons leier gevolg het.
Amen

Woord

(Vou die koerantpapier wêreldkaart op die grond oop en sit die afgeblaasde ballon neer min of meer op die plek waar Israel is.)

Verlede keer het ons gesien hoe Filippus gehoorsaam was toe die Heilige Gees hom 'n opdrag gee en hoe die boodskap van die Goeie Nuus selfs tot in Etiopië versprei het as gevolg daarvan. *(Gebruik 'n rooi pypskoonmaker as 'n lyn tussen Israel en Etiopië.)*

Maar daar was 'n groot probleem. *(Neem 'n koki en teken 'n groot uitroepteken.)*

Almal was nie so bly om hierdie Goeie Nuus te hoor nie. Vir party mense was hierdie Goeie Nuus "VERY BAD NEWS"!! *(Teken 'n "smiley" en 'n omgekeerde "smiley".)* Daar was mense wat vas geglo het dit is sonde om 'n ander geloof te hê as waarin hulle glo. Daar was mense wat geglo het dat as die Christene baie word, hulle hul eie weermag gaan maak en die land oorneem! Daar was mense wat jaloers was op die Christene. Hierdie mense het planne gemaak om al die Christene te onderdruk. *(Neem 'n ballon en begin dit vol water maak, maak 'n knoop en lig dit bo jou kop terwyl jy verder vertel.)*
So, orals waar Christene meer geword het, was daar mense wat hulle dopgehou het, wat hulle wou wegdruk, wat hulle wou wegjaag en selfs so ver gegaan het om hulle te vang en dood te maak. *(Gooi die ballon op die kaart neer dat dit bars.)*

Hoe dink julle het die Christene wat toe geleef het, gevoel? Dit was nie net een oorlog of een keer wat dit gebeur het nie. Oor 'n lang tydperk is Jesus se volgelinge vervolg. Vervolg beteken dat jy nêrens veilig voel nie, dit voel die hele tyd asof iemand jou jaag of soek. Jy kyk altyd of jy nie iets verkeerds doen in hulle oë sodat hulle jou kan straf nie. Dit het so erg geword dat die Romeine eendag die hele Israel oorgeneem het en al die Jode moes wegtrek na ander lande. Ons noem dit die Diaspora.
Diaspora: Vir die Jode vandag nog het die wood "Diaspora" 'n hartseer betekenis. Dit herinner hulle aan die tyd wat hulle van hulle blyplek, Israel, teen hulle sin, die wêreld vol versprei is. Die woord beteken "uitgesprei" ("scattered") en ook "saai". Daar is egter 'n goeie betekenis ook aan die woord. Wanneer ons saadjies in die grond gooi, versprei dit ook en bring dit nuwe lewe.
Wys gou vir my tot waar het die water gespat oor hierdie papier? Sou die water orals gekom het as die ballon heel gebly het? Dít wat mense sleg bedoel, draai God om en gebruik dit ten goede. *(Wys na die omgekeerde en regom gesiggies op die nat papier.)*

Ek wonder of die Christene dalk begin wonder het of hulle geloof nie dalk verkeerd is nie. Daar gebeur dan soveel slegte goed. Sou jy nie dalk begin wonder het of jy verkeerd is as slegte dinge met jou gebeur nie? Ek wonder wat het gemaak dat meer en meer mense begin glo het.
Moeilikheid was nie nuus vir die Christene nie. Jesus het immers toe Hy nog geleef het, die dissipels gewaarsku met die volgende woorde: *(Lees Johannes 16:32 en 33. Druk die woorde uit en lamineer. Plaas dit op die nat kaart en laat 'n paar kinders dit saam lees.)* "Julle sal soos wilde bokke uitmekaar hardloop. Julle sal net by die huis wil kom. Julle gaan My alleen los. Maar my Vader gaan My nie alleen los nie. Hy gaan by My bly. Weet julle hoekom sê Ek dit vir julle? Julle hoef nie bekommerd te wees nie. Ander mense, wat nie my vriende is nie, sal julle sleg behandel. Maar dit moet julle nie bang maak nie. Onthou, Ek het die duiwel met al sy mense gewen."
In 2 Kor 4:8 en 9 lees ons ook hoe een van die eerste sendelinge skryf: *(Druk die woorde uit en lamineer. Plaas dit op die nat kaart en laat 'n paar kinders dit saam lees.)* "Mense hou aan om ons te laat swaarkry, maar ons hou aan om te lewe. Ons weet nie altyd wat om te doen nie, maar ons is nie moedeloos nie. Mense wil ons doodmaak, maar God los ons nie. Mense slaan ons sodat ons val, maar ons sterf nie."

(Plak 'n pleister waar Sirië is.) Hierdie tipe Diaspora, waar mense hul land moet verlaat a.g.v. oorlog, gebeur vandag nog. Miljoene mense moes uit Sirië vlug en bly in tentdorpies in ander lande. Baie van hulle is Christene en ander is nie. Mense vlug selfs na Suid-Afrika wanneer dit sleg gaan in hul eie land. Dit gee vir ons die kans om hier in ons land vir hulle die boodskap van Goeie Nuus te gee.
Ek wonder of jy weet van iemand in jou dorp wat moes vlug uit 'n ander land. *(Plak 'n pleister op Suid-Afrika op die nat kaart.)*

Werskaf

- Plant saadjies in ŉ papier glasie met ŉ teksvers op die glasie. Vat dit huis toe en versorg die saadjies. (Net soos ŉ saadjie wat in die grond geplant is eers moet sterf voordat dit groei, so sterf ons in onsself sodat die Here ons kan gebruik.)
- Maak ŉ papierkersie en neem dit huis toe. Sit dit in jou kamer en elke dag voor jy uit jou kamer gaan, sê jy: "Here, gebruik my vandag om my lig te laat skyn. Wys my hoe ek iemand kan help."
- "Ek sal die goeie nuus vertel!" ŉ Toewydingsketting. Elke kind kry ŉ strook papier waarop die woorde staan. Hy/sy kram dit dan as ŉ ketting aan iemand anders s' n vas as ŉ teken dat hulle belowe om vir ander van Jesus te vertel.
- "Gaan na die wêreld": Gebruik pypskoonmakers om ŉ vissie te vorm.
- Dink aan iemand wat van ŉ ander land af kom en in ons dorp woon vir wie jy ŉ briefie kan skryf om te sê dat Jesus hulle liefhet.

Uitstapritueel:
(Verduidelik eers die vertelling van die vissie.)
Benodigdhede: 'n Paar sandbakke of skinkborde met meel of mieliemeel

Vissie: Daar word vertel dat die vroeë Christene ŉ geheime manier gehad het om met mekaar te kommunikeer. Hulle kon nie almal vertrou nie en het op geheime plekke bymekaargekom. Een van die maniere om uit te vind of die persoon met wie jy praat ŉ volgeling van Jesus was, was om met jou voet of met jou vingers ŉ halfmaan in die sand te trek. Indien die ander persoon ook ŉ volgeling was, sou hy ŉ omgekeerde halfmaan trek en die punte van die halfmaan oorkruis. Dit het ŉ vissie gevorm. Ons almal gaan nou kans kry om in die bak met sand (of mieliemeel) ŉ halfmaan te trek.

Kinders kan aan weerskante van ŉ bak staan sodat hulle twee-twee die geleentheid kry om by die sandbak te wees. Kinders kry die geleentheid om, net soos die vroeë Christene dit gedoen het, ŉ halfmaan in sand te trek as teken dat hulle uitgaan om die Goeie Nuus te gaan vertel. Die een oorkant hom/haar trek dan die tweede halfmaan om die vissie te voltooi. Hulle vee dan saam hulle vissie uit en verdaag.

Ek sal die goeie nuus vertel!

Maak die kers se basis deur 2 strokies rooi papier soos ŉ konsertina te vou. Sny ŉ groen sirkel uit om die kersie op die wasgoedpennetjie te monteer. Teken die vlammetjie en knip dit uit. Plak vas bo-op die kers.



Buig die pypskoonmakers in die vorm van ŉ vissie soos hierbo.